# Teken dié datum aan

## GK CENTURION

# M a r k

## DV Saterdag, 28 Oktober

(Die Mark vervang die mark van 2 Des)





## *VERSLAG VAN GKC-PROJEKTESPAN*

Ons is dankbaar vir die geleenthede wat ons Vader vir ons geskenk het, om projekte aan te pak, om sodoende fondse in te samel vir onbegrote, dog noodsaaklik uitgawes wat aangegaan moet word, en Sy seën te ervaar.

Funksies reeds gehou gedurende 2023:

- Laborakuier saam met Mathys Roets en Frikkie van Biljon.
- Ontbyt – gereël deur Bieuwkje en Hennie Pretorius.
- Gholfdag – gereël deur Jan Nel, Lodi Olivier en Rudy Kruger.

Baie dankie aan almal wat met groot entoesiasme die funksies gereël het.

Ander aksies wat deurlopend plaasvind:
**Jag vir jou Kerk** – geïnisieer deur Ds Maarten, gereël deur Lodi Olivier en deur u, die gemeente, suksesvol gemaak. U, wat biltong, droë- en natwors gekoop het en steeds doen.
**GKC Ruil-en-Verkoop** – Tannie Susan du Plessis geniet haarself gate-uit en hier moet ek meld: Monumentsig, saam met die Ruil-en-Verkoop aksie, het al meer as R12 000 ingebring!!

Groot dank aan die volgende borge:

| | |
|---|---|
| Laborakuier | **Labora Yard:** Gebruik van hulle terrein en fasiliteite; Borg van Mathys Roets.<br>Alle verkope is vir die kerk geskenk. |
| Ontbyt | **Seemans**: Vleis, kaas en ander voedsel.<br>**Gawie Erasmus:** Groot afslag op die muffins, buns en ander gebak.<br>**Verskeie individue:** Vir bydraes wat ons ontvang het. |
| Golfdag | **Labora Yard:** Borg van geskenke; borg van drinkgoed aan die spelers.<br>**PostNet:** Borg van pryse.<br>**Ander borge:** Wenla; ARC Studio Prosthetic lab; 'n Hele paar ander borge wat graag anoniem wil bly. |

Ons het sover 'n bedrag van R55 000 ná alle uitgawes, ingesamel. Baie dankie vir u elkeen se bydrae.

**Wat word met die geld gedoen?**

Die doel van die fondse is om ons geboue en terrein instand te hou, waarvoor daar nie spesifiek in die begroting voorsiening gemaak is nie.

Die Instandhoudingskommissie het besluit om hierdie fondse te gebruik om die kerk- en buiteligte te vervang met LED's, die saal se geute reg te maak (vóór die groot reën kom) en plastiese stoele aan te koop wat ons dringend benodig.

Die volgende groot funksie wat nou op die agenda is, is die:

## *Mark op DV 28 Oktober*

U kan enige van die organiseerders skakel vir inligting:

Isabel Nel – 083 640 5304

Thys Reynecke – 082 778 9193

Tjaart vd Walt – 082 824 2933

Die gemeente gaan instaan vir die te-ete-en-te-drinke en ook die besighou van die kinders. Hier is 'n opgawe van wat aangebied gaan word en wie die hooforganiseerders is. Ons vra u om hierdie mense te help met voorbereiding en verkope. Skakel die organiseerders waar u graag wil inskakel. Die idee is om in spanne te werk, sodat niemand die heeldag werk en niks van die mark het nie.

***U SAL SIEN DAT ONS DRINGEND HELPERS NODIG HET VIR DIE SPELETJIES. KONTAK HAAR ASSEBLIEF EN KOM MAAK DIT LEKKER VIR DIE KINDERS!!***

Benewens die kosse en die speletjies, gaan ons weer uitnodigings rig aan enigiemand wat wil deelneem aan die uitstallings. Hierdie inligting sal volgende week bekendgemaak word. Wat ons wel nou reeds kan sê: Stalletjiekoste is R250 en indien 'n kragpunt benodig word, R300.

Skryf hierdie datum asseblief in u dagboek, op die kalender, plak dit vas teen die yskasdeur, hangkasdeur en selfs teen die motor se voorruit. Kom geniet die dag saam met ons.

Hou asseblief die Kommunikaatjie dop vir verdere reëlings.

Reëlingskomitee.



| | | |
|---|---|---|
| **BLOK A:** | | |
| Pannekoek | Leon Lourens | 0609744380 |
| | Petro Lourens | 0827902244 |
| Potjiekos | Johan Wiegand | 0824986314 |
| | **HIER KORT ONS 'N SUSTER** | |
| **BLOK B:** | | |
| Ontbytbroodjies (breakfast buns) | Pieter van der Dussen | 0824167188 |
| | Sonja van der Dussen | 0824137309 |
| Worsbroodjies | De Wet Burger | 0824986314 |
| | Wilma Rheeders | 0825151558 |
| **BLOK C:** | | |
| Vetkoek en maalvleis | Thys Reynecke | 0827789193 |
| | Christi Venter | 0829401555 |
| Kerrie-en-rys | **HIER KORT ONS 'N BROEDER** | |
| | René Erasmus | 0828217381 |
| **BLOK E:** | | |
| Koeldrank | Marcel Wilson | 0829030552 |
| | Ellie Klöckner | 0829287802 |
| **SUSTERS:** | | |
| Koektafel | Rika Pretorius | 0825597705 |
| **BELANGRIKE AKSIE:** | | |
| Witolifant | Ds Maarten van Helden | 0721431855 |
| | Mauritz van den Heerden | 0679707977 |
| **GTA:** | | |
| Lekkergoed | Annais Lourens | 0714653940 |
| | Hester van der Merwe | 0713822573 |
| Roomys | Annais Lourens | 0714653940 |
| | Hester van der Merwe | 0713822573 |
| **KINDERS:** | | |
| Skyfskiet | Jan-Louis Bezuidenhout | 0836338861 |
| Kussinggeveg | Sanmari Venter<br>**HIER KORT ONS HELPERS** | 0714855995 |
| Slip-n-Slide | | |
| Springkasteel | | |
| Springmieles (Ons het 'n masjien) | | |
| Versier 'n koppiekoekie | | |
| Hansworsgooi | | |
| Balonne | | |
| Gesiggieverf | | |